Rietvallei

Kampnuus

# Spooksaamtrek by Klub Zanandi

**20 TO 22 MAART 2026**





*Die Spoke verwelkom Wim en Margriet van den Berg*



*'n Eerste vir Rietvallei: Bertus en Dalena aan't spoke*



*Anne-Marie Engelbrecht en Helena van Zijl verken die oord, Saterdagoggend*



*Die pad boontoe - na die restaurant en watervermaak*

# Spooksaamtrek by Klub Zanandi 20 tot 22 Maart 2026

Na baie pret en vele raaiskote word die spookkamp se ligging uiteindelik bekend gemaak en vat die Rietvalleiers die pad na Klub Zanandi. Daar is 2 vriendelike spoke wat jou by die hek ontvang – met geskenkies nogal! Elkeen kry 'n plekkie om te staan en die nuwe kamp word bekyk en verken.

Vrydagaand doen Bertus boekevat oor dankbaarheid en daarna word daar heerlik gesmul aan die hoenderdis met rys en slaai wat Dalena gemaak het. Net toe ons dink dit kan nie beter nie, word ons ook nog met malvapoeding bedien. Daar word heerlik gekuier onder die bome. Dit was 'n heerlike herfsaand en nie eens koud nie.

Saterdag kom 'n paar bymekaar om te stap. Daar word sommer deur die oord rond gestap om verder te bekyk wat die oord kan bied.

Daar word besluit om die speletjies wat vir die namiddag beplan was, te kanselleer en almal gaan af na die warm swembadddens toe. Behalwe vir 5 lede, swem almal; of dalk moet ek eerder sê: gesels en ontspan almal in die swembad. Daarna word die winkeltjie ondersteun – swem maak 'n mens mos honger en dors! 😊

Later die middag begin die reën neer val. 'n Paar brawe Rietvalleiers sien steeds kans vir kosmaak en braai in die reën, - of in die pan. Die banges gaan eet by 'n restaurantjie oorkant die pad.

Dit reën die hele nag en Sondagoggend se boekevat word onder die lapa by die swembad gehou. Magdaleen brei verder uit op die dankbaarheids tema. Daarna word daar plaatkoekies gebak en vrugteslaai met vla geniet.

Pieter en Magdaleen moes vroegerig vertrek. Eers Tzaneen toe en dan nog 'n uur en 'n half se ry Blydepoort toe. In Blydepoort, so hoor ons, was ESKOM se transmissie netwerk byna vir 'n week af; glo 'n fout in die berge, wat slegs met 'n helikopter bereikbaar was.

Vir die res van die kuier by Klub Zanandi het ons so sit-sit rondgekuier. 'n Paar van die vriende het 'n draai gaan maak by Jasmyn. Sondagaand is Saterdagaand se "buurmanbraai" aangepak. Die weer het deur Sondagnag so verbeter, dat die seile Maandagoggend redelik droog opgepak kon word. Daar was nog 'n paar waens oor wat teen Dinsdag begin het met huistoe-trekke.

'n Groot dankie aan Bertus en Dalena vir die koördinering van die saamtrek. Die spookkamp skep meer werk as gewone saamtrekke, omdat die take en pligte nie juis met almal gedeel kon word nie (sonder dat hulle uitvind waar die saamtrek gehou sal word!). Die reëlings was regtig goed. Van die oordkeuse, die spookpakke en tot die afslkuiting, met nog heelwat doendinge in die omgewing, selfs na afloop van die kamp!

*Magdaleen Viljoen*

# VRYDAG SE AANKOMS EN INPAS



*Spoke op die uitvaart om die Klaasens te groet.*



*Dink jy Tjaart weet wie of wat hom "getref" het?*



*Bertus-hulle neem 'n blaaskans*



*Chris en Nellie Stander word verwelkom*



*...en kyk wat ontdek Ouma Dalena in die Standers se motor!*



*Darius dink ook dis 'n lekker ontmoeting.*



*Die Engelbrechts gegroet*



*Dirk oppad om hul staanplek uit te soek*



*Bertus en Dirk besig met staanplekstrategie*



*Bertus en Dalena*


# VRYDAGBOEKEVAT EN VERWELKOMING



*Bertus lei die naweek in met Boekevat oor Dankbaarheid*

*Samesang tydens boekevat:*
*Bertus en Dalena Marx,*
*Magdaleen en Pieter,*
*Anne-Marie en Hennie*
*Helena en Gideon*





*Bertus en Dalena bedank Magdaleen vir Sondag se Boekevat*



*Marietjie Klaasen het eerste die oord reg geraai.*
*Veels geluk!*



*Annatjie Maritz het baie moeite met die leidrade gedoen*



*Stefanie en Frans vier hulle huweliks herdenking*

Dalena en Bertus het die aktiewe spelers (of raaiers?) vir die oordnaam erken met klein geskenkies.



*Helena van Zijl*



*Marlene Maree*



*Pieter le Roux*



*Margriet van den Berg*



*Johan la Grange*

Vir aandete was daar 'n hoendergereg met piesangslaai, voorberei deur Dalena Marx.
EN
Malvapoeding







Advertensie

## Saterdagoggendstap



*Dit het kort tevore opgehou reën en toe stap hulle "gou".*
*Helena, Anne-Marie, Hennie, Tjaart,*
*Bertus, Dalena, Gideon, Magdaleen en Johan*

## Saterdagoggend swem

Die warm swembaddens is in die voorafgaande week geverf en was net betyds gereed vir die Rietvalleiers. Dit is sekerlik die grootste klomp Rietvalleiers in 'n swembad op 'n keer sedert Almega, Februarie 2024.



*Vrolike Rietvallei vriendinne:*
*Anne-Marie, Nellie, Magdaleen, Margriet, Dalena, Erna, Elmarie en Marlene*



*Rietvallei se saamstaan swemspan:*
*Gideon, Bertus, Frans, Johan, Wim (voor), Pieter, Dirk, Sieg, Pieter Viljoen en Hennie*



*Wateroefeninge aangebied deur Helena van Zijl (kan net sy wees!)*
*Anne-Marie, Marlene, Gideon, Nellie, Margriet, Dirk, Magdaleen, Wim, Sieg, Gideon, Magdaleen, Bertus, Elmarie, Pieter, Johan, Frans en Erna.*

## Saterdagaand Restaurantkuier

Vir Saterdagaad was “Buurmanbraai” voorgestel. Maar, toe dit heel middag reën, besluit ons om eerder by Salamander, oorkant die pad van Klub Zanandi, te gaan kuier. Lekker gesellig!



*Gideon, Hennie, Pieter, Bertus, Frans, Dirk, Marlene, Stefanie, Dalena, Magdaleen, Anne-Marie en Helena.*



*Van die ander kant: Marlene, Stefanie, Dalena, Magdaleen, Anne-Marie, Helena, Gideon, Hennie, Pieter, Bertus, Frans en Dirk*

## Sondagoggend Boekevat en Saamkuier



*Magdaleen Viljoen: Boekevat*



*Samesang tydens boekevat*



*Elmarie kuier.*



*Pieter bedank die koördineerders vir die spooksaamtrek: Dalena en Bertus. Hulle het ook ingewillig om die 2027 spooksaamtrek aan te bied. (Baie dankie!) X 2*



*Stefanie en Frans ontvang 190 Streek aansporingsplaatjie*



*Johan en Erna het 100 Algemene aansporingsplaatjie ontvang.*



*Gideon van Zijl is die gelukkige ontvanger van die Senior Stomp*



*Dalena en Anne-Marie het gou plaatkoekies gebak.*







*Vrugteslaai en vla in 'n japtrap*

*Plaatkoekies by Rose-vir-Stefanie*



*Gesellige saamkuier na afloop van die oggend boekevat en afsluiting.*

*Met die reënerige weer, was die lapa baie handig, maar gelukkig nie noodsaaklik nie*




Skakel **Dalena Marx**
vir
**Bioway goggagif**
**en**
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

| **Bioway:** | **Swartsakke:** | **Skoonmaakmiddels:** |
|---|---|---|
| 1l, 2l en 5l | 50 of 100 sakke | 2l, 5l en 25l |

*Advertensie*




*Eindelik afgehandel.*
*Baie dankie Dalena en Bertus!*